

22 April

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-12

Fokusgedeelte: Jakobus 1:2

HK, Vraag 112

### Geen valse getuienis

Die negende gebod is saam met die derde gebod die enigste van die Tien Gebooie wat handel oor sonde wat die gevolg is van wat ons sê. Die res gaan oor wat ons *doen*. Die derde gebod handel oor die beskerming van God se Naam en die negende oor die beskerming van ons eie en ons naaste se naam.

Ons teksvers sê ons struikel almal oor ons tong, want ons is onvolmaakte mense. Ons het dus die negende gebod nodig sodat ons ons tonge in toom kan hou. Jakobus wil juis met mooi beeldspraak sê dat die tong geweldige mag het en groot skade kan aanrig; daarom moet ons uit een suiwer en skoon mond die waarheid beskerm.

Die HK beskryf eerstens vier dinge waarmee ons die negende gebod met ons tong kan oortree:

*Valse getuienis*: Ons mag geen onwaarheid of selfs 'n halwe waarheid oor iemand sê nie.

*Verdraaiing van woorde*: Slegs 'n geringe verdraaiing van woorde is totale valsheid teen 'n persoon.

*Kwaadstokery*: Met 'n sondige motief mag ons niemand by 'n ander verdag probeer maak en so kwaad stook nie.

*Veroordeling sonder verhoor*: Ons mag niemand skuldig bevind en etiketteer sonder om by die persoon self die waarheid vas te stel nie.

Tweedens is daar twee maniere om die gebod te gehoorsaam:

Ons moet die waarheid bo alles liefhê deur opreg en eerlik met almal te wees.

Ons moet ons naaste se naam met ons tong te beskerm, verdedig en bevorder.

Mag die Here ons help om met 'n liefdesmotief teenoor ons naaste, soos die groot gebod stel, ons tong ter wille van die waarheid van Christus in toom te hou.

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*

~~~~~